

MM 46



HUMANITAS
RGN-HSRC

**die vraag na en aanbod van mannekrag
in die republiek van suid-afrika
deel I**



001.3072068 HSRG
MM 46

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

Klasnr./Class No.	Registernr./No.
001.3072068 HSRC MM 46	25380/4

RGN RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

**BIBLIOTEEK
LIBRARY**

HSRC HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

W.P. 809 7/69

Telefoon: 48

ika

ogramme: RAGEN

President: D

Vise-preside

Sekretaris: N

Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Regometriese Navorsing

Psigiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

Funksie van die RGN

Die RGN onderneem te bewoed en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, asook te verskaf en te koördineer instansies van advies insake die benutting van wetenskaplike kennis en inligting betreffende die geesteswetenskappe.

S
N



RGN-BIBLIOTEK
HSRC LIBRARY

25380
APLIKE

VERVALDATUM / DATE DUE

RAG IN DIE
KA: DEEL I

R
B
G

IBL
27/6/75

25. 5. 79

3. 10. 75

9. 9. 79

9 NOV 1979

IBL
14/11/75

~~1983-08-01~~

31/3/76

1987-12-21

23/4/76

1988-05-11

4 FEB 1977

20 MAY 1977

2 JUL 1977

0. 9. 77


-BEDRYWIGE
OUDERDOM,
2000 EN 'N
MAG IN 1980

, B. Comm.

AVORSING

W. VERHOEF

PRETORIA
1974



Verlag nr. MM - 46

001.3072068 HSRC MM 46



Kopiereg voorbehou

Prys R2,75

* 0 3 0 3 1 2 *

ISBN 0 86965 175 7

VOORWOORD

Dit is die taak van die Instituut vir Mannekragnavorsing van die RGN om navorsing oor die vraag na en aanbod van mannekrag te onderneem, sodat 'n beeld van die Republiek van Suid-Afrika se mannekrag verkry kan word om sodoende mannekragbeplanning te ver=gemaklik. Waar beplanning wesentlik toekomsgerig is, maak ra=mings van die toekomstige mannekragstuiasie 'n belangrike deel van die werksaamhede van die Instituut vir Mannekragnavorsing uit.

Hierdie verslag oor die aanbod van mannekrag is die eer=ste deel van 'n studie wat oor sowel die aanbod van as die vraag na mannekrag handel. In die tweede deel sal 'n raming van die vraag na mannekrag aangebied word en vraag en aanbod met mekaar vergelyk word, om sodoende moontlike knelpunte uit te wys.

Die Departement van Statistiek word hartlik vir hul samewerking bedank. Sonder die inligting wat van dié Departe=ment verkry is, is studies van die aard onmoontlik. Ook is dank verskuldig aan die Instituut vir Statistiese Navorsing wat die rekenaarverwerkings en die Instituut vir Inligting en Spesia=le Dienste wat die redaksionele werk behartig het.


PRESIDENT

NON

BIBLIOTEK
LIBRARY

HSRC

1974

STANDKODE

REGISTERNUMMER

001.3072068 HSRC MM46

BESTELNUMMER

25380

G

↑

INHOUD

	BLADSY viii
SUMMARY/OPSOMMING	
HOOFSTUK	
1 INLEIDING	1
1.1 Agtergrond en doelstelling	1
1.2 Omskrywing van enkele begrippe	2
1.3 Algemene metode vir die raming van die grootte en die onderwyspeilsamestelling van die toekomstige arbeidsmag	3
2 METODE VIR DIE RAMING VAN DEELNAMESYFERS	6
2.1 Inleiding	6
2.2 Ekstrapolasiemetode	7
2.3 Gevolgtrekking	13
3 DEELNAMESYFERS IN 1980, 1990 EN 2000	18
3.1 Inleiding	18
3.2 Projeksie van deelnamesyfers by die Blanke bevolking	18
3.3 Projeksie van deelnamesyfers by die Kleurlingbevolking	28
3.4 Projeksie van deelnamesyfers by die Asiërbevolking	32
3.5 Projeksie van deelnamesyfers by die Bantoebevolking	36
3.6 Gemiddelde deelnamesyfers	40
4 GROOTTE VAN DIE BLANKE -, KLEURLING-, ASIËR- EN BANTOE-ARBEIDSMAG IN 1980, 1990 EN 2000	41
5 DIE AANBOD VAN MANNEKRAG VOLGENS ONDERWYSPEIL	54
5.1 Inleiding	54
5.2 Blanke arbeidsmag volgens onderwyspeil	55
5.3 Kleurlingarbeidsmag volgens onderwyspeil	68
5.4 Asiërarbeidsmag volgens onderwyspeil	79
5.5 Bantoe-arbeidsmag volgens onderwyspeil	90
5.6 Algemene opmerkings	101
6 SAMEVATTING	104
7 SYNOPSIS	106
LITERATUURLYS	108
BYLAE	109

TABELLE

		BLADSY
2.1	DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN STYGENDE HOË DEELNAME= SYFERS MET EN SONDER KORREKSIEKOEËFFISIËNT	10
2.2	DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN STYGENDE LAE DEELNAME= SYFERS MET EN SONDER KORREKSIEKOEËFFISIËNT	10
2.3	DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN DALENDE HOË DEELNAME= SYFERS MET EN SONDER KORREKSIEKOEËFFISIËNT	14
2.4	INDIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN DALENDE HOË DEELNAME= SYFERS MET KORREKSIEKOEËFFISIËNT	14
2.5	DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN LAE DALENDE DEELNAME= SYFERS MET EN SONDER KORREKSIEKOEËFFISIËNT	16
2.6	INDIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN LAE DALENDE DEELNAME= SYFERS MET KORREKSIEKOEËFFISIËNT	16
3.1	DEELNAMESYFERS VIR BLANKE MANS TUSSEN DIE OUDER= DOMME 15 EN 74 JAAR IN ENKELJARE VIR DIE SENSUS= JARE 1960 EN 1970	19
3.2	DEELNAMESYFERS VIR BLANKE VROUE TUSSEN DIE OUDER= DOMME 15 EN 74 JAAR IN ENKELJARE VIR DIE SENSUSJARE 1960 EN 1970	20
3.3	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VIR BLANKE MANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN ENKELJARE VOLGENS DIREKTE EN INDIREKTE EKSTRAPOLASIE VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	22
3.4	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VIR BLANKE VROUE TUS= SEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN ENKELJARE VOL= GENS DIREKTE EN INDIREKTE EKSTRAPOLASIE VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	24
3.5	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VIR KLEURLINGMANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAR= OUDERDOMSGROEPE VOLGENS DIREKTE EN INDIREKTE EKSTRAPOLASIE VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	29
3.6	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VIR KLEURLINGVROUE TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAR= OUDERDOMSGROEPE VOLGENS DIREKTE EN INDIREKTE EK= STRAPOLASIE VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	29
3.7	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VIR ASIËRMANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAR OUDERDOMS= GROEPE VOLGENS DIREKTE EN INDIREKTE EKSTRAPOLASIE VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	33

3.8	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VIR ASIËRVROUE TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUDERDOMSGROEPE VOLGENS DIREKTE EN INDIKREKTE EKSTRAPOLASIE VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	33
3.9	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VIR BANTOEMANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUDERDOMSGROEPE VOLGENS DIREKTE EN INDIKREKTE EKSTRAPOLASIE VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	37
3.10	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VIR BANTOEVRROUE TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUDERDOMSGROEPE VOLGENS DIREKTE EN INDIKREKTE EKSTRAPOLASIE VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	37
4.1	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE BLANKE MANLIKE ARBEIDSMAG TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN ENKELJARE, VOLGENS VERSKILLENDE IMMIGRASIEKOESE EN MET 'N MEDIUM FERTILITEITSAANNAME VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	43
4.2	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE BLANKE VROULIKE ARBEIDSMAG TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN ENKELJARE, VOLGENS VERSKILLENDE IMMIGRASIEKOESE EN MET 'N MEDIUM FERTILITEITSAANNAME VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	45
4.3	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE KLEURLING-MANLIKE ARBEIDSMAG TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUDERDOMSGROEPE MET 'N MEDIUM FERTILITEITSAANNAME VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	47
4.4	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE KLEURLING-VROULIKE ARBEIDSMAG TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUDERDOMSGROEPE MET 'N MEDIUM FERTILITEITSAANNAME VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	47
4.5	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE ASIËR-MANLIKE ARBEIDSMAG TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUDERDOMSGROEPE MET 'N MEDIUM FERTILITEITSAANNAME VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	48
4.6	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE ASIËR-VROULIKE ARBEIDSMAG TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUDERDOMSGROEPE MET 'N MEDIUM FERTILITEITSAANNAME VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	48
4.7	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE BANTOE-MANLIKE ARBEIDSMAG TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUDERDOMSGROEPE MET 'N MEDIUM FERTILITEITSAANNAME VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	49

4.8	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE BANTOE-VROULIKE ARBEIDSMAG TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE MET 'N MEDIUM FERTILITEITS=AANNAME VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	49
4.9	RAMING VAN DIE TOTALE GESAMENTLIKE ARBEIDSMAG IN DIE RSA VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	50
4.10	JAARLIKSE GROEI VAN DIE ARBEIDSMAG VOLGENS VOLKS=GROEP EN GESLAG VIR DIE VERSKILLENDE PROJEKSIE=PERIODES	51
5.1	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE BLANKE MANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VOLGENS DIREKTE EN INDIREKTE EKSTRAPOLASIE VIR DIE JAAR 1980	57
5.2	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE BLANKE VROUE TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VOLGENS DIREKTE EN INDIREKTE EKSTRAPOLASIE VIR DIE JAAR 1980	61
5.3	RAMING VAN DIE BLANKE MANLIKE ARBEIDSMAG VOLGENS ONDERWYSPEIL TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE MET 'N NETTO IMMIGRASIEWINS VAN 20 000 PER JAAR, VIR DIE JAAR 1980	65
5.4	RAMING VAN DIE BLANKE VROULIKE ARBEIDSMAG VOLGENS ONDERWYSPEIL TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE MET 'N NETTO IMMIGRASIEWINS, VAN 20 000 PER JAAR, VIR DIE JAAR 1980	65
5.5	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE KLEURLINGMANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VOLGENS REGLYNIGE VOOR=UITSKATTING VIR DIE JAAR 1980	69
5.6	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE KLEURLINGVROUE TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VOLGENS REGLYNIGE VOORUIT=SKATTING VIR DIE JAAR 1980	72
5.7	RAMING VAN DIE KLEURLING- MANLIKE ARBEIDSMAG VOLGENS ONDERWYSPEIL TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JAAR 1980	76
5.8	RAMING VAN DIE KLEURLING- VROULIKE ARBEIDSMAG VOL=GENS ONDERWYSPEIL TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JAAR 1980	76

5.9	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE ASIËRMANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VOLGENS REGLYNIGE VOORUITSKATTING VIR DIE JAAR 1980	80
5.10	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE ASIËRVROUE TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VOLGENS REGLYNIGE VOORUITSKATTING VIR DIE JAAR 1980	83
5.11	RAMING VAN DIE ASIËR-MANLIKE ARBEIDSMAG VOLGENS ONDERWYSPEIL TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JAAR 1980	86
5.12	RAMING VAN DIE ASIËR-VROULIKE ARBEIDSMAG VOLGENS ONDERWYSPEIL TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JAAR 1980	86
5.13	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE BANTOEMANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VOLGENS REGLYNIGE VOORUITSKATTING VIR DIE JAAR 1980	91
5.14	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE BANTOEVROUE TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VOLGENS REGLYNIGE VOORUITSKATTING VIR DIE JAAR 1980	94
5.15	RAMING VAN DIE BANTOE-MANLIKE ARBEIDSMAG VOLGENS ONDERWYSPEIL TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JAAR 1980	97
5.16	RAMING VAN DIE BANTOE-VROULIKE ARBEIDSMAG VOLGENS ONDERWYSPEIL TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JAAR 1980	97
5.17	GROOTTE VAN DIE ARBEIDSMAG WAT OOR ST.10 OF HOËR KWALIFIKASIES BESIK VAN AL DIE BEVOLKINGSGROEPE IN DIE RSA VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 1980	102

FIGURE

FIGUUR	BLADSY
2.1 DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN STYGENDE HOË DEELNAME= SYFERS MET EN SONDER KORREKSIEKOËFFISIËNT	11
2.2 DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN STYGENDE LAE DEELNAME= SYFERS MET EN SONDER KORREKSIEKOËFFISIËNT	12
2.3 DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN DALENDE HOË DEELNAME= SYFERS MET EN SONDER KORREKSIEKOËFFISIËNT EN IN= DIREKTE EKSTRAPOLASIE MET KORREKSIEKOËFFISIËNT	15
2.4 DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN DALENDE LAE DEELNAME= SYFERS MET EN SONDER KORREKSIEKOËFFISIËNT EN INDI= REKTE EKSTRAPOLASIE MET KORREKSIEKOËFFISIËNT	17
3.1 DEELNAMESYFERS VAN BLANKE MANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN ENKELJARE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 2000	26
3.2 DEELNAMESYFERS VAN BLANKE VROUE TUSSEN DIE OUDER= DOMME 15 EN 74 JAAR IN ENKELJARE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 2000	27
3.3 DEELNAMESYFERS VAN KLEURLINGMANS TUSSEN DIE OUDER= DOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 2000	30
3.4 DEELNAMESYFERS VAN KLEURLINGVROUE TUSSEN DIE OUDER= DOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 2000	31
3.5 DEELNAMESYFERS VAN ASIËRMANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 2000	34
3.6 DEELNAMESYFERS VAN ASIËRVROUE TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 2000	35
3.7 DEELNAMESYFERS VAN BANTOEMANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 2000	38
3.8 DEELNAMESYFERS VAN BANTOEVROUE TUSSEN DIE OUDER= DOMME 15 EN 74 JAAR IN VYFJAAROUERDOMSGROEPE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 2000	39
4.1 PERSENTUELE SAMESTELLING VAN DIE GESAMENTLIKE AR= BEIDSMAG VOLGENS VOLKSGROEP VIR DIE JARE 1980, 1990 EN 2000	52

5.1	ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN BLANKE MANS VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 1980	66
5.2	ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN BLANKE VROUE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 1980	67
5.3	ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN KLEURLINGMANS VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 1980	77
5.4	ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN KLEURLINGVROUE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 1980	78
5.5	ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN ASIËRMANS VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 1980	87
5.6	ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN ASIËRVROUE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 1980	88
5.7	ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN BANTOEMANS VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 1980	98
5.8	ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN BANTOEVROUE VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 1980	99
5.9	PERSENTUELE SAMESTELLING VAN DIE ARBEIDSMAG WAT OOR ST.10 OF HOËR KWALIFIKASIES BESKIK VAN AL DIE BEVOLKINGSGROEPE IN DIE RSA VIR DIE JARE 1960, 1970 EN 1980	103

SUMMARY

In this study an estimate has been made of the size of the labour force (supply of manpower) of the Republic of South Africa for every population group according to age and sex for 1980, while projections for 1990 and the year 2000 have also been undertaken. The size of the future labour force has been estimated by applying the projections of future participation figures to the projections of the future population figures. An estimate has also been made of the level of education which the supply will possess in the year 1980. This estimate is based on the educational level composition over the period from 1960 to 1970.

OPSOMMING

In hierdie studie word n raming van die grootte van die arbeidsmag (aanbod van mannekrag) van die Republiek van Suid-Afrika vir elke volksgroep volgens ouderdom en geslag vir 1980 gemaak, terwyl projeksies ook vir 1990 en die jaar 2000 aangedurf is. Die grootte van die toekomstige arbeidsmag word geraam deur die projeksies van toekomstige deelnamesyfers op die projeksies van die toekomstige bevolkingsyfers toe te pas. Verder word n raming gemaak van die onderwyspeil waaroor die aanbod in die jaar 1980 sal beskik. Hierdie raming geskied op grond van die veranderinge in die onderwyspeilsamestelling oor die periode 1960 tot 1970.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Daar kan aanvaar word dat die skepping van genoeg werkgeleenthede vir die groeiende bevolking van die Republiek een van die doelwitte van die owerheid is. As die ekonomie te stadig groei word te min werkgeleenthede geskep maar 'n te vinnige groei aan die anderkant bring ook meer probleme soos inflasie en te kort aan sekere kategorieë van arbeid, mee. Beplanning is daarom noodsaaklik.

Beplanning kan omskryf word as die proses waardeur 'n stel beslissings vir toekomstige handeling, gerig op die bereiking van sekere doelwitte opgestel word. Hierdie omskrywing het die implikasie dat (a) die doelwitte omlin moet wees en (b) beplanning wesentlik toekomsgerig is.

Die mannekragnavorsing van die RGN het as breë doelstelling die skepping van 'n beeld van die RSA se mannekrag omdat hierdie beeld onder andere noodsaaklike kennis bied vir die omlyning van beplanningsdoelwitte sover dit mannekrag raak. Aangesien beplanning toekomsgerig is, vorm vooruitskattings van die mannekrag situasie onder 'n sekere stel voorwaardes, ook 'n belangrike deel van die RGN se werksaamhede op die gebied van mannekragnavorsing.

In hierdie studies oor die toekomstige aanbod en vraag na mannekrag word vraag en aanbod met mekaar vergelyk om moontlike knelpunte wat mag ontstaan uit te wys. 'n Globale syfer van die vraag en aanbod van mannekrag is vir hierdie doel nie voldoende nie. Die Suid-Afrikaanse arbeidsmag is heterogeen in baie opsigte en 'n verdeling van sowel die vraag as die aanbod volgens volksgroep is daarom nodig. Die arbeidsituasie van die jongste verlede het getoon dat 'n tekort aan werkers van een volksgroep gelyktydig met 'n gebrek aan werkgeleenthede vir 'n ander groep kan voorkom. In die studies wat die RGN tot dusver oor die vraag en aanbod van mannekrag onderneem het, is volksgroepe afsonderlik behandel (3, 9). Aangesien daar egter wisselwerking tussen die volksgroepe ten opsigte van sowel vraag as aanbod bestaan is dit wenslik dat die gehele arbeidsmag gelyktydig maar volgens groep in oënskou geneem sal word om 'n duidelike geheelbeeld te verkry.

Die deelnamepatroon van mans en vroue aan die arbeidsmag is so radikaal verskillend in sover dit hul beroepsbeoefening en vaste verbintenis met die arbeidsmag betref dat dit ook noodsaaklik is om vraag- en aanbodstudies deurgaans volgens geslag uit te voer.

Die arbeidsmag bestaan ook nie uit 'n homogene groep werkers van elke volksgroep nie, maar uit werkers met 'n verskeidenheid van vaardighede wat gedeeltlik deur die onderwys wat hulle ontvang het, bygebring is. Die onderwyspeil dien dus as 'n rowwe maatstaf vir die gehalte van die arbeidsmag aangesien dit aanvaar word dat die "vaardigheid" van die arbeidsmag verhoog word as die onderwyspeil daarvan verhoog word.

Hierdie verslag oor die grootte van die arbeidsmag (aanbod van arbeid) is die eerste deel van 'n studie wat oor die vraag na en aanbod van mannekrag in 1980 handel. Die doel met hierdie spesifieke deel is om 'n raming van die aanbod van arbeid volgens volksgroep en geslag te maak. Sodanige raming bied dan die doelwit vir die skepping van werkgeleenthede. In die verband het 'n behoefte ontstaan aan langtermynramings en word projeksies vir 1990 en 2000 aangebied.

Terselfdertyd word 'n raming van die onderwyspeil van die arbeidsmag in 1980 vir elke groep gemaak waardeur 'n aanduiding van die gehalte verkry word. In die tweede deel van die studie sal die vraag na mannekrag volgens 'n beroepsgrondslag wat dan na onderwyspeil herlei word, ontleed word. 'n Vergelyking tussen vraag en aanbod op 'n onderwyspeilgrondslag sal dan moontlik wees.

1.2 OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE

1.2.1 Deelnamesyfer

Die deelnamesyfer van 'n groep persone is die persentasie van daardie groep wat ekonomies bedrywig is. Die groep kan die hele bevolking van die land of 'n deel van die bevolking byvoorbeeld 'n bepaalde ouderdomsgroep, net die manlikes of net die Blankes, wees. Die ekonomies bedrywige sluit werknemers, werkgewers en werkloos wat werk soek in, en volg die omskrywing van die bevolkingsensusse.

1.2.2 Nie-deelnamesyfer

Die nie-deelnamesyfer van 'n groep persone is die persentasie wat nie ekonomies bedrywig is nie. Nie-ekonomies bedrywige is nie deel van die arbeidsmag van die land nie en sluit byvoorbeeld huisvroue, studente, skoliere en uitdiensgetredenes in.

1.3 ALGEMENE METODE VIR DIE RAMING VAN DIE GROOTTE EN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE TOEKOMSTIGE ARBEIDSMAG

Besonderhede van die metode van raming word in die teks beskryf. In hierdie paragraaf word slegs die algemene metode en uitgangspunte behandel. Die metode wat gevolg is om die grootte van die toekomstige arbeidsmag van die land te raam, kom basies daarop neer dat projeksies van toekomstige deelnamesyfers op projeksies van die bevolkingsyfers toegepas is, terwyl die arbeidsmag volgens onderwyspeil geraam is deur die ramings van die onderwyspeilsamestelling op die projeksies van die aanbod toe te pas.

1.3.1 Projeksie van deelnamesyfer

Deelnamesyfers van mans en vroue verskil radikaal. Mans is in 'n baie groter mate as vroue ekonomies bedrywig. Deelnamesyfers wissel ook na gelang van ouderdom. Jonger persone, byvoorbeeld dié tussen 15 en 19 jaar, het 'n kleiner deelnamesyfer as ouer persone, byvoorbeeld die tussen 30 en 34 jaar, omdat 'n groter deel van die 15- tot 19-jariges nog met opleiding en onderwys besig is. Verder daal die deelnamesyfer van persone na 60-64 jaar weer skerp as gevolg van die bereiking van uitdiens-tredingsouderdomme. Die verskillende volksgroepe van die Republiek se deelnamesyfers is ook nie eenders nie maar wissel van volksgroep tot volksgroep. So byvoorbeeld is Asiërvroue in 'n baie kleiner mate ekonomies bedrywig as die vroue van die ander volksgroepe.

Sou die onderlinge samestelling van die totale bevolking van die RSA ten opsigte van die drie veranderlikes oor tyd konstant bly, kon die totale arbeidsmag geraam word deur 'n projeksie van 'n enkele gemiddelde deelnamesyfer op 'n projeksie van die totale bevolking toe te pas. Die onderlinge samestelling verander egter oor tyd sodat 'n baie meer noukeurige raming van die grootte van die arbeidsmag verkry word indien die raming deurgaans volgens die drie veranderlikes gemaak word. Deelnamesyfers word daarom in hierdie studie afsonderlik vir die volksgroepe, geslagte en ouderdomsgroepe geraam. Die projektering van deelnamesyfers is nie 'n doel op sigself nie maar word gebruik om 'n raming van die grootte van die arbeidsmag (aanbod) te verkry, en 'n raming van die aanbod volgens die drie veranderlikes sal buitentendien van veel groter nut vir beplanning wees, as 'n enkele aanbodsifer.

1.3.2 Projeksie van die bevolking

Die afdeling Demografiese Navorsing van die Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing van

die RGN het bevolkingsprojeksies volgens geslag, ouderdom en volksgroep en met 'n aanname van 'n medium fertilitateitskoers aan die Instituut vir Mannekragnavorsing verskaf (2).

In die afgelope dekade het immigrasie 'n groot invloed op die groei van die Blanke-arbeidsmag in die RSA gehad. 'n Skatting van die omvang van immigrasie is byna onmoontlik aangesien dit van faktore soos die regeringsbeleid ten opsigte van immigrante, die politieke klimaat in Suid-Afrika en in lande vanwaar immigrante getrek word, asook die sosio-ekonomiese klimaat in die Republiek van Suid-Afrika en die buiteland, sal afhang. Die bevolkingsprojeksies met verskillende immigrasiekoerse is daarom gemaak. Hierdie aspek raak eintlik net die Blanke deel van die bevolking.

1.3.3 Raming van die grootte van die arbeidsmag

Deur die geprojekteerde deelnamesyfers vir 1980, 1990 en 2000 op die ooreenstemmende bevolkingsyfers volgens geslag, ouderdom en volksgroep toe te pas en dan oor die ouderdomme te sommeer is die totale arbeidsmag van die RSA vir die jare 1980, 1990 en 2000 volgens geslag en volksgroep geraam. Die raming vir Blankes is vir 3 immigrasiewins-aannames, naamlik 'n netto wins van 10 000, 20 000 en 30 000 immigrante per jaar, gemaak.

1.3.4 Raming van die arbeidsmag volgens onderwyspeil

Die omvang van die produktiewe bydrae van arbeid tot die produksieproses van 'n land sal in die eerste plek van die aantal werkers afhang; in die tweede plek van die soort werk wat hulle kan doen, en, derdens van die mate van inspanning en vernuf waarmee hulle hul werk doen. Afgesien van die blote getalle dus het die "gehalte" van die arbeidsmag 'n belangrike invloed op die produksie-omvang.

Namate 'n land ekonomies ontwikkel, ontstaan daar 'n behoefte aan 'n arbeidsmag met 'n verskeidenheid van vaardighede. Hierdie vaardigheidsamestelling word onder andere deur opleiding van die werker daar gestel wat gedeeltelik in die onderwyspeil-samestelling van die globale arbeidsmag weerspieël word.

Net soos by die deelnamesyfers verskil die onderwyspeil-samestelling van die arbeidsmag van die RSA ook volgens geslag, ouderdom en volksgroep. Die onderwyspeil van die mans in die arbeidsmag is in die algemeen hoër as dié van die vrouens aangesien hulle in die meeste gevalle die broodwinner is; die onderwyspeil van ouer persone is heelwat laer as die van jonger persone omdat die onderwys- en opleidingsfasiliteite voortdurend verbeter. Die onderwyspeil van die Blankebevolking is byvoor-

beeld ook hoër as die onderwyspeil van die Bantoebevolking omrede die Blankes lank reeds 'n stelsel van verpligte skoolbesoek het.

Die onderwyspeilsamestelling van die ekonomies bedrywige bevolking in 1980, wat in 'n mate die kwaliteit van die arbeidsmag weerspieël, word op grond van die waargenome veranderinge oor die tydperk 1960-1970, geraam. Besonderhede van die metode van raming word in die teks beskryf.

HOOFSTUK 2

METODE VIR DIE RAMING VAN DEELNAMESYFERS

2.1 INLEIDING

Daar word hoofsaaklik van die volgende metodes gebruik gemaak om ramings van deelnamesyfers te verkry (1).

- (a) Korrelasie- of vergelykende metode,
- (b) matriksmetode, en
- (c) ekstrapolasiemetode.

Die korrelasie- of vergelykende metode word gebruik waar deelnamesyfers in 'n betrokke land as gevolg van die afwesigheid van data nie direk bereken kan word nie. Deelnamesyfers van ander lande wat min of meer op dieselfde peil van ontwikkeling is as die land waarvoor die deelnamesyfers bereken moet word, word gebruik. Hierdie metode is egter 'n baie growwe metode van raming en aangesien die deelnamesyfers van die Republiek van Suid-Afrika onder andere vir die jare 1960 en 1970 bekend is, is hierdie metode buite rekening gelaat.

Soos reeds in die vorige hoofstuk gemeld, word die deelnamesyfers beïnvloed deur faktore soos geslag, ouderdom en volksgroep. Dit is egter nie al faktore wat 'n invloed op die deelnamesyfers uitoefen nie. Faktore soos werkgeleenthede vir jong mense, skoolplig, pensioen- en ouderdomspensioenskemas, ouderdom van vroue by huwelik, aantal kinders in die gesin, onderwyspeil en belastingtoegewings ten opsigte van getroude vroue, speel 'n belangrike rol by die grootte van toekomstige deelnamesyfers. Die invloed van bogenoemde faktore in die bepaling van toekomstige deelnamesyfers word deur die matriksmetode in aanmerking geneem. Uit 'n metodologiese oogpunt is die metode dus die mees gesofistikeerde van die drie. Die gebruik van die metode vereis natuurlik 'n kwantifisering van die invloed van die veranderlikes en 'n raming van die veranderinge wat in die omvang daarvan in die toekoms waarskynlik sal plaasvind. Die eise wat aan basiese inligting gestel word, is baie hoog en vir die huidige moet die metode as onprakties beskou word aangesien die kwantifisering van die invloed van genoemde veranderlikes, selfs in die gevalle waar basiese inligting beskikbaar is, lank sal duur.

Die ekstrapolasiemetode is gebaseer op die aanname dat tendense van die verlede in die toekoms sal voortduur. Die som van die invloed van die veranderlikes in die vorige paragraaf genoem, wat eintlik die veranderinge in die deelnamesyfers te weegbring, word sodoende dus sonder kwantifisering in aanmerking

geneem. Aangesien deelnamesyfers met voldoende kategorisering uit die 1960- en 1970-bevolkingsensusse bereken kan word, word hierdie metode dan in hierdie studie gebruik.

2.2 EKSTRAPOLASIEMETODE

Raming van toekomstige deelnamesyfers is direk deur ekstrapolasie van die deelnamesyfers van die verlede (in hierdie studie die van 1960 en 1970) of indirek deur die projeksie van nie-deelnamesyfers geraam.

2.2.1 Direkte ekstrapolasie

Die formule vir ekstrapolasie, is die volgende

$$a_{t1}^x = a_t^x \cdot \frac{a_t^x}{a_{t0}^x}$$

waar


a^x = deelnamesyfer van persone met ouderdom x jaar,

t_0 = begin van basisperiode (1960),

t = end van basisperiode of begin van projeksieperiode (1970), en

t_1 = end van projeksieperiode (1980).

Skematies word die basis- en projeksieperiode soos volg voorgestel.



Die basisperiode en projeksieperiode het dieselfde tydsduur. Die direkte toepassing van hierdie formule lewer egter probleme. As die deelnamesyfer in die basisperiode vir 'n bepaalde ouderdomsgroep hoog was en nog steeds 'n stygende tendens handhaaf, word 'n deelnamesyfer in die projeksieperiode verkry wat hoër as 100,0 persent is. Aan die ander kant kan die deelnamesyfer in die projeksieperiode ook negatief wees indien die deelnamesyfers in die basisperiode klein is en 'n dalende tendens openbaar. Reglynige vooruitskatting kan dus totaal onaanvaarbare resultate lewer. Verder kan onrealistiese groot of klein deelnamesyfers voorspel word as die projeksieperiode lank is, indien bloot reglynige projeksies gemaak word.

Die ondervinding het geleer dat baie min van die sosiale faktore wat veranderinge in deelnamesyfers teweegbring oor 'n lang tyd met dieselfde krag werksaam is. 'n Soort van versadigingspunt of plafonwaarde word met verloop van tyd bereik.

'n Metode om die onaanvaarbare deelnamesyfers van groter as 100 persent en kleiner as 0 persent asook onaanvaarbare groot veranderinge in deelnamesyfers uit te skakel terwyl die algemene rigting van die veranderende tendens tog behoue bly, moes dus gevind word. Hierdie doel is bereik deur 'n korreksiekoëffisiënt op die geëkstrapoleerde deelnamesyfer toe te pas.

Die korreksiekoëffisiënt wat gebruik is, is die verhouding tussen die produk van die deelnamesyfer en die nie-deelnamesyfer aan die einde van die basisperiode en die produk van deelnamesyfer en nie-deelnamesyfer aan die begin van die basisperiode.

Die formule wat in hierdie studie vir stygende deelnamesyfers gebruik is, is dus soos volg:

$$a_{t1}^x = a_t^x \cdot \frac{100 + \Delta_{t,t1}^x}{100}$$

met die korreksiekoëffisiënt as

$$\Delta_{t,t1}^x = \frac{a_t^x}{a_{to}^x} \cdot \frac{a_t^x \cdot u_t^x}{a_{to}^x \cdot u_{to}^x}$$

waar

a_{t1}^x = deelnamesyfer aan die end van die projeksieperiode,

a_t^x = deelnamesyfer aan die end van die basisperiode of die begin van projeksieperiode,

a_{to}^x = deelnamesyfer aan die begin van die basisperiode,

u_t^x = nie-deelnamesyfer aan die end van die basisperiode of die begin van die projeksieperiode, en

u_{to}^x = nie-deelnamesyfer aan die begin van die basisperiode.

Hierdie formule word gebruik vir sowel hoë as lae deelnamesyfers wat 'n stygende tendens toon. Die resultate wat die gebruik van die formule lewer word vervolgens met enkele hipotetiese voorbeelde geïllustreer.

(a) Stygende hoë deelnamesyfers

Daar word veronderstel dat 'n deelnamesyfer van 90,0 in 1960 (begin van basisperiode) gestyg het na 91,0; 95,0 en 99,0 in 1970 (end van basisperiode of begin van projeksieperiode). Die resultate wat met die gebruik van hierdie formule behaal word, verskyn in tabel 2.1 en figuur 2.1. Die figuur toon duidelik die afplattende effek van die korreksiekoëffisiënt en toon dat konserwatiewe veranderinge vir 1980 met behulp van die formule geprojekteer word.

(b) Stygende lae deelnamesyfer

Veronderstel dat 'n deelnamesyfer van 10,0 in 1960 gestyg het na 12,0; 15,0 en 18,0 in 1970. Die resultate wat met die gebruik van hierdie formule behaal word, word in tabel 2.2 en figuur 2.2 aan die hand van die hipotetiese deelnamesyfers geïllustreer. Die afplattende effek van die korreksiekoëffisiënt kan weer eens waargeneem word. Indien die korreksiekoëffisiënt nie toegepas sou word nie, word 'n deelnamesyfer in 1980 verkry wat selfs hoër as die reglynige projeksies is, wat natuurlik onrealisties sal wees.

2.2.2 Indirekte ekstrapolasie

Direkte ekstrapolasie het met dalende deelnamesyfers onbevredigende resultate gelewer aangesien die korreksiekoëffisiënt nie veel uitwerking op 'n bloot reglynige ekstrapolasie in sodanige gevalle gehad het nie en groot veranderinge in deelnamesyfers dus geprojekteer is. In dié gevalle is van indirekte ekstrapolasie gebruik gemaak en die formule wat afgelei is, is soos volg:

$$a_{t1}^x = 100 - \left[u_t^x \cdot \left(1 + \frac{\Delta_{t,t1}^x}{100} \right) \right]$$

met die korreksiekoëffisiënt as

$$\Delta_{t,t1}^x = \frac{u_t^x}{u_{to}^x} \cdot \frac{u_t^x \times a_{t1}^x}{u_{to}^x \times a_{to}^x}$$

waar

a_{t1}^x = deelnamesyfer aan die end van die projeksieperiode,

u_t^x = nie-deelnamesyfer aan die end van die basisperiode,

u_{to}^x = nie-deelnamesyfer aan die begin van die basisperiode,

TABEL 2.1

DIREKTE EKSTRAPOLASJE VAN STYGENDE HOË DEELNAMERSYFERS MET EN SONDER KORREKSIËKOEFFISIËNT


		Met korreksiekoëffisiënt		Sonder korreksiekoëffisiënt		
a_{1960}^X	a_{1970}^X	$\frac{a_{1970}^X}{a_{1960}^X}$	$\frac{a_{1970}^X \times u_{1970}^X}{a_{1960}^X \times u_{1960}^X}$	$\Delta_{1970, 1980}^X = \frac{a_{1970}^X}{a_{1960}^X} \cdot \frac{a_{1970}^X \times u_{1970}^X}{a_{1960}^X \times u_{1960}^X}$	$a_{1980}^X = a_{1970}^X \cdot \left[1 + \frac{\Delta_{1970, 1980}^X}{100} \right]$	$a_{1980}^X = a_{1970}^X \cdot \frac{a_{1970}^X}{a_{1960}^X}$
(1)	(2)	(2) + (1) = (3)	(4)	(3) × (4) = (5)	(2) × $\left[1 + \frac{(5)}{100} \right] = (6)$	(2) × (3) = (7)
90,0	91,0	1,01	0,91	1,01 × 0,91 = 0,92	91 × 1,0092 = 91,84	91 × 1,01 = 91,91
90,0	95,0	1,06	0,53	1,06 × 0,53 = 0,56	95 × 1,0056 = 95,53	95 × 1,06 = 100,70
90,0	99,0	1,10	0,11	1,10 × 0,11 = 0,12	99 × 1,0012 = 99,12	99 × 1,10 = 108,90

TABEL 2.2


DIREKTE EKSTRAPOLASJE VAN STYGENDE LAË DEELNAMERSYFERS MET EN SONDER KORREKSIËKOEFFISIËNT

		Met korreksiekoëffisiënt		Sonder korreksiekoëffisiënt		
a_{1960}^X	a_{1970}^X	$\frac{a_{1970}^X}{a_{1960}^X}$	$\frac{a_{1970}^X \cdot u_{1970}^X}{a_{1960}^X \cdot u_{1960}^X}$	$\Delta_{1970, 1980}^X = \frac{a_{1970}^X}{a_{1960}^X} \cdot \frac{a_{1970}^X \cdot u_{1970}^X}{a_{1960}^X \cdot u_{1960}^X}$	$a_{1980}^X = a_{1970}^X \cdot \left[1 + \frac{\Delta_{1970, 1980}^X}{100} \right]$	$a_{1980}^X = a_{1970}^X \cdot \frac{a_{1970}^X}{a_{1960}^X}$
(1)	(2)	(2) + (1) = (3)	(4)	(3) × (4) = (5)	(2) $\left[1 + \frac{(5)}{100} \right] = (6)$	(2) × (3) = (7)
10,0	12,0	1,2	1,1733	1,2 × 1,1733 = 1,4079	12 × 1,0141 = 12,17	12 × 1,2 = 14,40
10,0	15,0	1,5	1,4166	1,5 × 1,4166 = 2,1249	15 × 1,0213 = 15,32	15 × 1,5 = 22,50
10,0	18,0	1,8	1,6400	1,8 × 1,6400 = 2,9520	18 × 1,0295 = 18,53	18 × 1,8 = 32,40

FIGUUR 2.1
 DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN STYGENDE HOË DEELNAMESYFERS MET EN SONDER KORREKSIËKOEFFISIËNT



FIGUUR 2.2
 DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN STYGENDE LAE DEELNAMESYERS MET EN SONDER KORREKSEKOEFFISIËNT



a_t^x = deelnamesyfer aan die end van die basisperiode, en
 $a_{t_0}^x$ = deelnamesyfer aan die begin van die basisperiode.

Bogenoemde formule word gebruik vir hoë en lae deelnamesyfers wat 'n dalende tendens toon. Die resultate wat die gebruik van die formule lewer, word weer eens aan die hand van enkele hipotetiese voorbeelde geïllustreer.

(a) Dalende hoë deelnamesyfers

Daar word veronderstel dat 'n deelnamesyfer van 99,0 in 1960 gedaal het na 97,0; 94,0 en 91,0 in 1970. Deur albei formules, dit wil sê, direkte en indirekte ekstrapolasie op hierdie syfers toe te pas word die resultate soos aangedui in tabel 2.3 en tabel 2.4 respektiewelik verkry. In figuur 2.3 word die projeksie van dalende deelnamesyfers deur direkte ekstrapolasie met en sonder korreksiekoëffisiënt met die indirekte ekstrapolasie met korreksiekoëffisiënt vergelyk. Die meer konserwatiewe ekstrapolasie van deelnamesyfers deur die indirekte metode word duidelik geïllustreer.

(b) Dalende lae deelnamesyfers

Gestel dat 'n deelnamesyfer van 10,0 in 1960 gedaal het na 8,0; 5,0 en 2,0 in 1970. Die resultate wat verkry is deur gebruik te maak van die direkte en indirekte ekstrapolasie word in tabelle 2.5 en 2.6 respektiewelik aangetoon. In figuur 2.4 word die projeksies van die drie verskillende metodes met mekaar vergelyk.

'n Interessante verskynsel is dat die direkte ekstrapolasie met korreksiekoëffisiënt die mees afplattende effek toon. Daar is egter gevind dat die direkte ekstrapolasie vir groot dalings by lae deelnamesyfers 'n waarskynlik te konserwatiewe raming lewer. Die indirekte ekstrapolasie met korreksiekoëffisiënt word daarom in hierdie studie deurgaans by dalende deelnamesyfers gebruik.

2.3 GEVOLGTREKKING

Aangesien verwag word dat groot veranderinge in deelnamesyfers nie onbepaald sal voortduur nie, is 'n konserwatiewe raming van verandering in deelnamesyfers verkies. Wanneer daar dus 'n styging by die deelnamesyfers in die basisperiode voorkom, word daar deurgaans in hierdie studie van direkte ekstrapolasie met 'n korreksiekoëffisiënt gebruik gemaak en wanneer daar 'n daling by die deelnamesyfers voorkom, word van indirekte ekstrapolasie, nog steeds met 'n korreksiekoëffisiënt, gebruik gemaak om die toekomstige deelnamesyfers te raam.

TABEL 2.3

DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN DALENDE HOË DEELNAMESYFERS MET EN SONDER KORREKTSIEKOEFFISIËNT

		Met korreksiekoeffisiënt		Sonder korreksiekoeffisiënt	
a_{1960}^x	a_{1970}^x	$\frac{a_{1970}^x \cdot u_{1970}^x}{a_{1960}^x \cdot u_{1960}^x}$	$\Delta_{1970, 1980}^x = \frac{a_{1970}^x \cdot u_{1970}^x}{a_{1960}^x \cdot u_{1960}^x}$	$a_{1980}^x = a_{1970}^x \cdot \left[1 - \frac{\Delta_{1970, 1980}^x}{100} \right]$	$\frac{a_{1970}^x}{a_{1960}^x}$
(1)	(2)	(1) + (1) = (3)	(3) x (4) = (5)	(2) . $\left[1 - \frac{(5)}{100} \right]$ = (6)	(2) x (3) = (7)
99,0	97,0	0,98	2,94	97,0 x 0,9712 = 94,21	97 x 0,98 = 95,06
99,0	94,0	0,95	5,70	94 x 0,9458 = 88,91	94 x 0,95 = 89,30
99,0	91,0	0,92	8,27	91 x 0,9239 = 84,07	91 x 0,92 = 83,72


TABEL 2.4

INDIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN DALENDE HOË DEELNAMESYFERS MET KORREKTSIEKOEFFISIËNT

a_{1960}^x	a_{1970}^x	$\frac{a_{1960}^x}{a_{1970}^x}$	$\frac{a_{1970}^x \cdot u_{1970}^x}{a_{1960}^x \cdot u_{1960}^x}$	$\Delta_{1970, 1980}^x = \frac{a_{1970}^x \cdot u_{1970}^x}{a_{1960}^x \cdot u_{1960}^x}$	$\frac{a_{1970}^x \cdot u_{1970}^x}{a_{1960}^x \cdot u_{1960}^x}$	$u_{1980}^x = u_{1970}^x \cdot \left[1 + \frac{\Delta_{1970, 1980}^x}{100} \right]$	$a_{1980}^x = 100 \cdot u_{1980}^x$
(1)	(2)	(3)	(4)	(3) x (4) = (5)	(3) x (4) = (5)	(6)	100 - (6) = (7)
99,0	97,0	$\frac{99,0}{97,0} = 3,0$	2,9394	3,0 x 2,9394 = 8,8182	3,0 x 2,9394 = 8,8182	3,0 x 1,0881 = 3,2646	96,74
99,0	94,0	$\frac{99,0}{94,0} = 6,0$	5,6970	6,0 x 5,6970 = 34,1820	6,0 x 5,6970 = 34,1820	6,0 x 1,3418 = 8,0508	91,95
99,0	91,0	$\frac{99,0}{91,0} = 9,0$	8,2727	9,0 x 8,2727 = 74,4543	9,0 x 8,2727 = 74,4543	9,0 x 1,7445 = 15,7005	84,30

FIGUUR 2.3

DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN DALENDE HOË DEELNAMESYFERS MET EN SONDER KORREKSEKOEFFISIËNT EN INDIREKTE EKSTRAPOLASIE MET KORREKSEKOEFFISIËNT



TABEL 2.5

DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN LAE DALENDE DEELNAMESYFERS MET EN SONDER KORREKSIEKOEFFISIËNT


		Met korreksiekoeffisiënt		Sonder korreksiekoeffisiënt	
a_{1960}^x	a_{1970}^x	$\frac{a_{1970}^x \cdot u_{1970}^x}{a_{1960}^x \cdot u_{1960}^x}$	$\Delta^x_{1970, 1980}$	$\frac{a_{1970}^x \cdot u_{1970}^x}{a_{1960}^x \cdot u_{1960}^x} = \frac{a_{1970}^x \cdot u_{1970}^x}{a_{1960}^x \cdot u_{1960}^x}$	$a_{1980}^x = a_{1970}^x \cdot \frac{\Delta^x_{1970, 1980}}{100}$
(1)	(2) + (1) = (3)	(4)	(3) x (4) = (5)	(2) x (3) = (7)	
10,0	8,0	0,82	0,8 x 0,82 = 0,656	8,0 x 0,9935 = 7,95	8,0 x 0,8 = 6,40
10,0	5,0	0,53	0,5 x 0,53 = 0,265	5,0 x 0,9974 = 4,99	5,0 x 0,5 = 2,50
10,0	2,0	0,22	0,2 x 0,22 = 0,044	2,0 x 0,9996 = 2,00	2,0 x 0,2 = 0,40

TABEL 2.6

INDIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN LAE DALENDE DEELNAMESYFERS MET KORREKSIEKOEFFISIËNT

		Met korreksiekoeffisiënt		Sonder korreksiekoeffisiënt	
a_{1960}^x	a_{1970}^x	$\frac{u_{1970}^x \cdot a_{1970}^x}{u_{1960}^x \cdot a_{1960}^x}$	$\Delta^x_{1970, 1980}$	$\frac{u_{1970}^x \cdot a_{1970}^x}{u_{1960}^x \cdot a_{1960}^x} = \frac{u_{1970}^x \cdot a_{1970}^x}{u_{1960}^x \cdot a_{1960}^x}$	$u_{1980}^x = u_{1970}^x \cdot \left[1 + \frac{\Delta^x_{1970, 1980}}{100} \right]$
(1)	(2) (3)	(4)	(3) x (4) = (5)	(6)	(5) - (6) = (7)
10,0	8,0	1,02	1,02 x 0,82 = 0,8364	92,0 x 1,0084 = 92,77	7,23
10,0	5,0	1,06	1,06 x 0,53 = 0,5618	95,0 x 1,0056 = 95,53	4,47
10,0	2,0	1,09	1,09 x 0,22 = 0,2398	98,0 x 1,0024 = 98,24	1,76

FIGUUR 2.4
 DIREKTE EKSTRAPOLASIE VAN DALENDE LAE DEELNAMESYFERS MET EN SONDER KORREKSIEKOEFFISIËNT EN INDIREKTE
 EKSTRAPOLASIE MET KORREKSIEKOEFFISIËNT



HOOFSTUK 3

DEELNAMESYFERS IN 1980, 1990 EN 2000

3.1 INLEIDING

Soos reeds in hoofstuk 1 genoem, verskil die deelnamesyfer volgens volksgroepe, geslagte en ouderdomsgroepe en daarom word die toekomstige deelnamesyfers volgens hierdie drie veranderlikes afsonderlik geraam.

Deelnamesyfers in 1960 en 1970 volgens volksgroep, geslag en ouderdom is van die 1960- en 1970-bevolkingsensusgegevens bereken. Die gegewens is van steekproewe wat tot die beskikking van die RGN is, verkry. Hierdie berekende deelnamesyfers is gebruik om die deelnamesyfer vir 1980 te projekteer volgens die metodes wat in hoofstuk 2 bespreek is.

Die geprojekteerde deelnamesyfers in 1980 en die deelnamesyfers in 1970 is in die projeksie van die 1990-, die 1980- en 1990-deelnamesyfers vir die projeksie van die deelnamesyfers vir die jaar 2000, gebruik.

3.2 PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS BY DIE BLANKE BEVOLKING

Vir die berekening van die 1960- en 1970-deelnamesyfer is 'n 10-persentsteekproef van die 1960- en 1970-bevolkingsensusgegevens gebruik. Verder word die tabellasië vir mans en vroue volgens enkeljare (15-74 jaar) verkry. Die getal ekonomies bedrywiges buite hierdie grense is onbeduidend en word daarom nie in berekening gebring nie. Die berekende deelnamesyfers vir 1960 en 1970 verskyn in kolomme 2 en 5 van tabelle 3.1 en 3.2 vir mans en vroue onderskeidelik. Hierdie syfers toon heelwat skommeling van een ouderdom tot die volgende wat waarskynlik aan steekproefafwykings toegeskryf moet word. Om die skommeling uit te skakel is 'n kromme by die gegewens aangepas. Vanaf hierdie kromme is die deelnamesyfers opnuut afgelees. Die resultaat van hierdie bewerking vir 1960 en 1970 verskyn in kolomme 3 en 6 van tabelle 3.1 en 3.2. Kolomme 4 en 7 toon die verskille tussen die berekende deelnamesyfers en die aangepaste deelnamesyfers aan. In die meeste gevalle is die verskille kleiner as 1 (<1) en slegs hier en daar groter as 1 (>1) met die gevolg dat die aanpassing bevredigende resultate lewer.

Die aangepaste deelnamesyfers vir 1960 en 1970 is nou gebruik om die projeksies, soos reeds verduidelik, te maak.

TABEL 3.1

DEELNAMESYFERS VIR BLANKE MANS TUSSEN DIE OUDERDOMME 15 EN 74 JAAR IN ENKELJARE VIR DIE SENSUSJARE 1960 EN 1970

Ouderdom	1960			1970		
	Berekende deelname= syfer	Aangepaste deelname= syfer	Afwyking (3-2)	Berekende deelname= syfer	Aangepaste deelname= syfer	Afwyking (6-5)
1	2	3	4	5	6	7
15	0,6	0,6		1,0	1,0	
16	12,1	12,1		12,2	12,2	
17	37,6	37,6		36,0	36,0	
18	64,1	64,1		69,0	69,0	
19	79,6	79,6		77,1	76,0	-1,1
20	84,9	84,9		79,9	81,0	1,1
21	89,9	89,9		85,1	84,4	-0,7
22	92,8	92,8		88,3	88,6	0,3
23	94,8	94,8		92,4	92,0	-0,4
24	96,8	96,8		95,3	94,5	-0,8
25	97,7	98,0	0,3	96,1	96,1	
26	98,5	98,5		97,0	97,0	
27	99,1	98,8	-0,3	97,4	97,7	0,3
28	98,7	98,9	0,2	98,1	98,1	
29	99,4	99,1	-0,3	98,2	98,4	0,2
30	99,4	99,1	-0,3	98,8	98,4	-0,4
31	99,2	99,1	-0,1	98,2	98,6	0,4
32	99,2	99,2		98,3	98,6	0,3
33	99,6	99,2	-0,4	99,0	98,6	-0,4
34	99,4	99,2	-0,2	98,4	98,6	0,2
35	99,2	99,2		98,7	98,6	-0,1
36	99,1	99,3	0,2	98,4	98,6	0,2
37	98,9	99,3	0,4	98,7	98,6	-0,1
38	99,5	99,3	-0,2	98,6	98,5	-0,1
39	99,1	99,2	0,1	98,2	98,5	0,3
40	99,2	99,2		97,5	98,4	0,9
41	99,1	99,2	0,1	98,3	98,2	-0,1
42	99,4	99,1	-0,3	98,0	98,0	
43	99,0	99,1	0,1	97,6	97,8	0,2
44	99,2	99,1	-0,1	97,7	97,7	
45	99,1	99,0	-0,1	97,8	97,5	-0,3
46	98,8	98,9	0,1	97,5	97,3	-0,2
47	98,8	98,9	0,1	97,6	97,1	-0,5
48	98,7	98,8	0,1	97,4	96,8	-0,6
49	98,5	98,6	0,1	95,9	96,5	0,6
50	98,2	98,6	0,4	96,1	95,9	-0,2
51	98,8	98,4	-0,4	95,4	95,2	-0,2
52	98,3	98,1	-0,2	94,3	94,5	0,2
53	96,9	97,5	0,6	95,1	94,2	-0,9
54	96,8	96,8		94,2	93,5	-0,7
55	94,6	96,0	1,4	92,2	93,0	0,8
56	95,8	95,1	-0,7	93,2	92,2	-1,0
57	94,2	94,2		90,3	90,8	0,5
58	92,6	91,6	-1,0	90,9	89,0	-1,9
